

13 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 7

Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:11-16

'n Koningshuis vir Dawid

Bybelse profesieë werk dikwels soos 'n verkyker: Dit trek gebeure wat naby en ver is op een vlak saam. Nadat die Here geweier het dat Dawid die tempel bou, gee die Here vir Dawid 'n kosbare belofte: Sy koningshuis sal vir altyd vasstaan. Dié profesie verwys eerstens na Salomo wat later die eerste tempel gebou het. Maar die belofte slaan ook duidelik op die koms van die groot Koning, Jesus, die Seun van Dawid (Matt 1:1).

Die beloftes van die Here gryp Dawid so aan dat hy in verwondering voor die Here gaan sit. Wie is hy dat die Here aan hom tot in die verre toekoms beloftes maak? Hy prys die Here vir die wonderlike leiding in die verlede en bid vir God se onmisbare seën in die toekoms.

Ons kan onself heelhartig vereenselwig met Dawid se lofprysing. Jy deel vandag nog op 'n wonderlike wyse in hierdie belofte aan Dawid. Christus, die seun van Dawid, heers vandag as Koning oor hemel en aarde. Die Heidelbergse Kategismus som die nut van die heerskappy van die Seun van Dawid kernagtig op: Hy is Hoof van die Christelike kerk. Die Vader regeer oor alles deur Hom. Hy stort hemelse gawes deur sy Heilige Gees in ons uit. Hy beskerm en bewaar ons met sy mag teen alle vyande. Jy kan ook in verwondering saam met Dawid uitroep: "Wat 'n toesegging aan 'n mens, Here my God!"

Sing: Psalm 31:17

Ds Peet Duvenage (Emeritus)